# Laerskool Voorpos

# Vorienuus

"Blom in God se Koninkryk"

19 Januarie 2026 Uitgawe #01



## Uit die hoof se kantoor

Die eerste week van die 2026 skooljaar is verby en ek glo dat almal hier by Laerskool Voorpos sommer vroeg in die kwartaal agtergekom het dat tyd nie vir ons gaan wag nie. Ons moet bybly en aanvaar dat die moderne lewe se tempo genadeloos hoog is.

Boeke is uitgedeel, onderrig het begin, atletiek huissportbyeenkoms is afgehandel en soos u kan sien, is ons multifunksionelebaan byna voltooi!
Ons leerders het Woensdag met blomgesiggies skool toe gekom, hulle dissipline was goed en hulle het pragtig en eenvormig gelyk in hulle nuwe skooldrag.

Die afsterwe van Petrus is 'n groot hartseer en ek glo die gedenkdiens was 'n mooi geleentheid net soos Petrus dit sou wou gehad het.

Vir elke ouer, leerder en onderwyser wens ek 'n voorspoedige en geseënde 2026 toe! Die tempo gaan vinnig wees, maar met die genade van ons Hemelse Vader en die toewyding en passie van elke rolspeler in hierdie pragtige skool, glo ek 2026 sal die jaar wees waarin Voorpos nog meer uitnemend sal wees en nog hoër hoogtes gaan bereik. Mag elkeen van u 2026 waarlik blom in God se koninkryk!

Sterkte vir die week!

Mnr Gerhard Engelbrecht



## Vers vir die Week

Lukas 12:27
"Kyk hoe groei die lelies: hulle swoeg nie en hulle maak nie klere nie, maar Ek sê vir julle: Selfs Salomo in al sy prag was nie geklee soos een van hulle nie."

## Skaak



Gizelle Roelofse, MJ Mostert en Luke Marais het van 14 tot 20 Desember 2025 Gauteng by die Mzansi Inter-provinsiale skaak kampioenskappe in Port Elizabeth verteenwoordig. Gizelle wen 3 van haar 6 rondtes. Luke wen 2 van sy 6 rondtes en MJ wen 3 van sy 6 rondtes. Hierdie leerders hou ons naam hoog en ons is baie trots op hulle!





# Gedenkdiens vir Petrus Myburgh

Oom Petrus

Dat hy die donker so lig kon laat lyk

Die kinders kon hul verkyk
Aan sy lafhede, liefhede
Na hom opkyk

Sy tas oorlaai
Tog plek vir moed saai
Selfs spasie maak,
Sodat joune ligter raak

Sy pad was nie aldag maklik
Op sy fiets, draaglik

As ek groot is, gee my sy krag
Om deur te druk deur elke dag
Met sy glimlag en sy lag


Sy stoel staan leeg, vir hemelse vrede

Bak poetse op die engele
Ry die hemel plat met jou fiets
Dit is nou tyd vir iets nuuts

Dat hy die donker so lig kon laat lyk
Deur lig in die donker vir ander te bring

Pas solank die hemel op
Ons sien jou eendag weer

Geskryf deur: Michaela Kruger










# Gr. R en Gr. 1 Kuier

## Graad R

Gr R Inligtingsdag: 'n Nuwe Begin!

Die Gr R inligtingsdag was 'n groot sukses! Kleintjies het hulle nuwe juffrouens ontmoet en was super opgewonde oor die nuwe avonture wat voorlê. Hulle het gespeel en selfs 'n paar nuwe vriende gemaak!

Baie ouers het erken dat hulle 'n bietjie benoud was oor die groot dag, maar ná die inligtingsessie is hulle gerusgestel.

Die onderwysers het ook 'n groot rol gespeel om die kleintjies en ouers op hulle gemak te stel. "Ons is so opgewonde om hierdie nuwe groep leerlinge te ontmoet en hulle op hulle leerreis te begelei," sê Juffrou Anchell.

Dit was 'n wonderlike begin vir die nuwe jaar!



## Graad 1

Ons graad een leerders het Dinsdag, 13 Januarie 2026 kom kuier en die graad 1- juffrouens ontmoet.

Die leerders was baie opgewonde en daar was min trane.
Hulle het lekker ingekleur en ook al hulle skryfbehoeftes uitgepak.

Die mammas en pappas het in die saal geluister na al die inligting en het ook geleentheid gekry om vir juffrou te ontmoet.

Ons is gereed vir 2026.








# Multifunksionele Baan

September 2025: Groot opwinding en groot geraas op die Vorieterrein! Nuuskierige agies kom kyk na al die groot masjinerie! Ons kan nie wag nie!

Januarie 2026: Dinge vorder goed en ons kan al sien dit lyk na 'n baan.

Hou die volgende datums oop vir die groot opening:
Kleuterskole in ons omgewing - Woensdag, 4 Februarie
Voriefamilie en bure - Vrydag, 6 Februarie













# Personeel: Afskopfunksie

Onderwysers se Boemelaar-Bash: 'n Jaar van Avontuur Begin!

Die nuwe jaar is tydens die afskopfunksie met 'n "bang" begin ons onderwysers het saamgekom om die tema "Boemelaar" te vier! Die atmosfeer was gevul met lag, musiek en 'n gevoel van avontuur.

Ons het ons skoene uitgetrek en ons innerlike kreatiwiteit vrygelaat, met kreatiewe kostuums en al! Van sakke vol "geld" tot selfgemaakte bordjies met "Boemelaar" op, het die span hulle bes gegee om die tema tot lewe te bring.

Die funksie het 'n opwindende jaar van groei, leer en lag belowe. Ons is gereed om die uitdagings aan te pak en ons kinders te inspireer om hul beste te wees!



# Vorienuus: Inhoud

Die Vorienuus kom een keer per week uit. Gebeure van die Vrydag tot die volgende Donderdag sal in die uitgawe, wat op 'n Maandag uitkom, verskyn. Dit behels:

- Akademie
- Sport
- Kultuur
- Geleenthede

## Buite skoolverband prestasies

Gebruik die "Powerpoint" templaat wat op die groepe gestuur is en stuur dit op die laatste Donderdae aan Nicolene Meijers by lvp@laerskool-voorpos.co.za

# Datums vir die Week

| | AKADEMIE | KULTUUR | SPORT | ANDER |
|---|---|---|---|---|
| MAANDAG<br>19 Januarie | Rooster A<br>18:00 Gr 2 en 3: Algemene inligtingsaand (Saal) | 14:00 Jnr Koor: Oefening<br>15:00 Sr Koor: Oefening | 06:30 Aflos: Oefening<br>14:15 Atletiek: Oefening (Sien oefenprogram) | |
| DINSDAG<br>20 Januarie | | | Atletiek: L/s Villieria (Weg)<br><br>06:30 Aflos: Oefening | Gr RR/R en Gr 2 - 7 Individuele foto's |
| WOENSDAG<br>21 Januarie | 18:00 Gr 7: Algemene inligtinsaand (Saal)<br>Uitstallers (Buitemuurs) | 14:00 Jnr Koor: Oefening<br>15:00 Sr Koor: Oefening | 14:15 Atletiek: Oefening (Sien oefenprogram)<br>17:30 Krieket: Akademie Vergadering | **L/S VOORPOS: VERJAAR**<br>07:00 VLR: Ouervergadering (Saal) |
| DONDERDAG<br>22 Januarie | | | Atletiek: L/s Olienpark (Weg) | |
| VRYDAG<br>23 Januarie | | 13:30 Boekklub | | VLR Kamp |
| SATERDAG<br>24 Januarie | | | 08:30 Bergfiets: Inligtingsvergadering vir leerders en ouers op rugbyveld (ONTHOU JOU FIETS) | VLR Kamp |
| SONDAG<br>25 Januarie | | | | VLR Kamp |

lvp@laerskool-voorpos.co.za (012) 332 - 2534

# ADVERTENSIE



# ADVERTENSIE



# ADVERTENSIE

## GONS MET KENNIS TUTORONDERRIG

Registreer nou vir 2026

Kwaliteit, privaat tutoronderrig deur 'n gekwalifiseerde onderwyser.
Tutoring beskikbaar in Afrikaans en Engels.

AANLYN & IN-PERSOON | WAVERLEY

**Laerskoolvakke:**

Wiskunde (Graad 1 – 5)
Afrikaans Huistaal en Eerste Addisionele Taal
Engels Huistaal en Eerste Addisionele Taal
Sosiale Wetenskappe
Natuurwetenskappe

**Bykomende ondersteuning (Alle Grade):**

Lees-, spel- en skryfvaardighede
Studiemetodes en eksamenvoorbereiding
Kreatiewe kunsklasse om selfvertroue en uitdrukking te bevorder

**BUZZINGWITHKNOWLEDGE@GMAIL.COM**